# WAWIEL WAPADRAND

Jaargang 36 Vol 2

# INHOUD


- INHOUD …..……………………………..…….. BL 2
- STILTETYD………………………………...… BL 3
- BESTUURSLEDE ……………………….…….. BL 4
- REDAKSIONEEL …………………………….…… BL 5
- UIT DIE VOORSITTER SE PEN ……………… BL 6
- SENIOR BURGERS ……………………………. BL 7
- JEUG ……………………………………………….. BL 8
- KWARTAALKAMPE ……………………………. BL 9-17
- LIEF EN LEED ………………….……….…...…. BL 18
- VERJAARSDAE & HUWELIKHERDENKINGS BL 19-20
- RESEPTE …………………………….. BL 21
- JAARPROGRAM………………………………… BL 22
- VAKANSIE DAE ………………………….………. BL 23
-

# STILTE TYD

- Noudat mense wapens met hulle saamdra en staatsmanne televisietrane huil oor vrede, wil ek dankie sê dat iemand my lank gelede kind laat wees het.

- Dankie dat die tandjiemuis krummels in ons huis kon eet; dat die paashaas sjokolade-eiers kom versteek het; dat ek grootgeword het met kersfeeskouse en smurfiekoeke op my verjaardag.

- Dankie dat iemand genoeg omgegee het om my in kasteelgange te laat dwaal, om my tussen die blomfeetjies los te laat, om my op die sekelmaan te laat ry en met prinsesse en otters te laat speel.

- Dankie dat ek kind kon wees in ‘n wêreld sonder vrees of grense.

- (*Geleen uit Maretha Maartens se boekie ‘n Geskenk van Dank)*



Addisionele Lid:
Hoepfner Wiese

hwiese24@gmail.com
082 381 4247

Sekretaresse: Janetta Toerien

076 253 5577



Wapadrandsek@sawa.org.za
Janettatoerien@gmail.com



Voorsitter: Andy Toerien
Toeriena@outlook.com : 082 256 5044



Redaktrise
Geraldine Müller

Muller.sj@outlook.com
083 490 3588

Penningmeester:
Danie du Plessis



danieduplessis@live.co.za 082 551 0114

# REDAKSIONEEL

So is dit die begin van 2026. Baie mooi herinneringe is gemaak vir 2025 wat ons sal koester en laat terugdink aan al die lekker tye, saamkamp, omgee en liefde vir mekaar.

Dankie aan almal wat hul foto's ingestuur het. Ek en Seppie was nie met vakansie nie, maar met al jul bydraes het dit vir ons gevoel of ons wel met vakansie was. Ons het weer soos die vorige jaar (2024) ons buurvrou se hond (Labrador) opgepas. Nogal 'n aanpassing gewees om na 'n groot hond te kyk en hom toe te laat om ook in die huis te slaap.

Hoop jul sal hierdie jaar weer so ondersteunend wees met al jul interessante brokkies en foto's.

Julle maak van hierdie Wawiel 'n sukses.

Groete

Geraldine

# UIT DIE VOORSITTER SE PEN

Liewe Wapadranders

Waar ons die nuwe jaar ingaan na die Desembervakansietyd, hoop ek dat almal goed uitgerus is en gretig is om te kamp en saam nuwe kampterreine te ontdek. Ek is verheug om te rapporteer dat daar slegs een insident was wat ek ontvang het. Die van Rensburgs het skade gely met brande in Mosselbaai . Baie sterkte. Goeie nuus was darem ook daar vir hulle, hulle dogter Anandi het haar M-graad Cum Laude geslaag. Verder was daar nie ander insidente of bekommernisse tydens die vakansie tyd nie. Dit bevestig onder andere die sorg en verantwoordelikheid van ons lede asook die beskerming wat ons van die Here ontvang. Ons wens ook vir Chrisjan Pienaar geluk met sy verlowing in die tydperk. Indien daar iets is waarvan ons nie kennis dra nie, laat weet ons asseblief.

Welkom in die nuwe kampjaar – beide die gereelde en nie-so-gereelde kampeerders. Ons skop sommer die eerste kamp af met ‘n nuwe oord en gaste. Dit was wonderlik om so ‘n positiewe en entoesiastiese reaksie op die besprekings vir die Februariekamp te sien. Julle toewyding verseker dat ons streek lewendig en aktief bly.

Kom ons maak vanjaar die jaar waarin ons meer gereeld kamp, kom ons deel goeie tye en smee  nuwe herinneringe.

My wens vir die jaar is dat ons almal veilig sal reis, wonderlike geselskap met baie onvergeetlike oomblikke onder die sterre sal ervaar.

Kom ons maak 2026 die beste kampjaar ooit.

Groete

**Andy**



# SENIOR BURGERS

**‘n Senior Burger is iemand wat nog groei, wat nog leer, met potensiaal, en wie se lewe belofte inhou vir skakeling met die toekoms.**

**Senior burgers is ons storieskatkis. Hulle is ‘n land se geheue en gewete. Hul stille krag, rype lewenservaring, onverbloemde broosheid en deernis is ‘n geskenk aan ons samelewing wat dit selde waardig is. (Woorde geleen: Wendy Maartens).**

**In ons volgende Wawiel vertel ons jul meer van ons Senior Burgers.**

# JEUG

Op hierdie stadium het ons geen bydrae vir die jeug nie.

Maar hou hierdie spasie dop ons gaan beslis in volgende maand se uitgawe iets hier plaas.

# KAMPE

Ons deel graag deur middel van foto's die Wapadranders se ervarings wat hul in Desember 2025 en Januarie 2026 beleef het.

Ons het nie 'n kamp in Januarie 2026 nie en fokus ons nou op die wegbreek van ons lede.









Die Brönn familie saam met Rina & Gerrie van Aswegen








Caron & Johan Swanepoel by Crystal Springs



Danie & Eleanor du Plessis saam met hul familie by Jeffreysbaai.

Tyd saam met familie is kosbaar en die mooi herinneringe sal altyd met ons wees.




Bettie & Dawie Mullins saam met hul familie by hul vakansiehuis te Cape St Francis

Wat ‘n voorreg om al jou kinders onder een dak te hê en dit vir ‘n hele vakansie!

Baie seker hiervan dat mooi herinneringe gemaak is.












Jos & Natashia Rabie saam met hul kroos (Nicola, JJ en Etienne).

Hul vakansie was by Onrusrivier en Sedgefield.

Hulle het ook ‘n draai by Struisbaai gemaak.


















Hoepfner & Elsa Wiese saam met hul kinders.

Johandri & gesin kon ongelukkig nie bywoon nie, anders was hierdie familie ook almal bymekaar.

Mooi herinneringe is ook hier gemaak.












Reinardt & Lynette van Rensburg tydens hul vakansie by Mosselbaai. Anandi & Luan het saam vakansie gehou.

Anandi baie geluk met jou prestasie, haar M-graad (Aptekerswese) Cum Laude geslaag.










Daleen & Chris Pienaar

Kersfees op die plaas saam Chrisjan & Sorin en vriende.

Die kostafel lyk heerlik!!!!!

# LIEF & LEED


**LIEF**:

- Anandi van Rensburg slaag haar Meestersgraad met Cum Laude in Aptekerswese.
- Chrisjan & Sorin het verloof geraak.
- David & Stephanie Brönn het tante en oom geword en Rina & Gerrie van Aswegen nou Ouma- en Oupagrootjie. Hier hou Carina - nou Ouma en dogter van Rina & Gerrie - die pasgeborene vas.

**LEED**:

- Reinardt en Lynette het skade gely tydens hul vakansie met die brand in Mosselbaai.
- Danie du Plessis gaan in vir 'n knie prosedure.
- Andy Toerien was ook vir toetse en uitslae word afgewag.

- Sterkte word jul almal toegewens.





# VERJAARDAE

Januarie:

- 14 Liam Müller
- 16 Tersia Rix
- 24 Reinardt van Rensburg
- 28 Vernon Müller
- 29 Lynette van Rensburg

Februarie:

- 6 Andy Toerien
- 8 Elsa Wiese
- 11 Nicola Rabie
- 23 Daleen & Chrisjan Pienaar
- 26 Betsie Theron

# HUWELIKSHERDENKINGS

Februarie

- 12 Seppie & Geraldine Müller

# RESEPTE : BLATJANGHOENDERKASSEROL

- 1.2 kg hoenderporsies, skoongemaak.
- 1 blik (410g) hoenderroom sop.
- Sout en swart peper
- Olie – slegs ‘n klein bietjie
- 4 aartappels, geskil en in skywe gesny
- 150 – 175 ml blatjang
- 500 melk
- 20 ml matige kerriepoeier

Voorverhit die oond tot 180ºC.

Geur die hoenderporsies liggies met sout en swartpeper en braai in ‘n bietjie verhitte olie tot bruin. Skep in ‘n oondvaste bak. Rangskik die aatrappelskywe tussenin.

Meng al die ander bestanddele en giet bo-oor die hoenderpiorsies. Bedek en bak ongeveer 1 uur lank of totdat die hoender sag en gaar is.

Genoeg vir 8 – 10 mense.

(Geleen uit: Huisgenoot Randrekkers)

# JAARPROGRAM

| SAWA Wapadrand Jaarprogram 2026 | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kampnaweke** | | | | | | **Kampplekke** | **Rigting** | **Kommentaar** |
| Januarie | 2-4 | 9-11 | 16-18 | 23-25 | 30/1 - 1/2 | | | |
| Februarie | 30/1-1/2 | 6-8 | **13-15** | 20-22 | 27/2-1/3 | Haywards Lodge | Noord | |
| Maart | 27/2-1/3 | 6-8 | 13-15 | 20-22 | 27-29 | | | |
| April | 2-6 | 10-12 | 17-19 | 24-26 | 30/4-3/5 | Paasnaweek<br>Jakaranda Koördineerders | Suid | |
| Mei | 30/4-3/5 | 8-10 | **15-17** | 22-24 | 29-31 | Ruah Park | Oos | |
| Junie | 5-7 | 12-14 | 19-21 | 26-28 | | | | |
| Julie | 3-5 | 10-12 | 17-19 | 24-26 | 31/7-2/8 | Weesgerus, Gebiedskamp | Noord-wes | |
| Augustus | 31/7-2/8 | 7-10 | 14-16 | **21-23** | 28-30 | Rotsinbos - AJV | Noord | |
| September | 4-6 | 11-13 | 18-20 | 23-27 | | Umfula, Nasionaal & 100+ | Suid | |
| Oktober | 2-4 | 9-11 | **16-18** | 23-25 | 30/10-1/11 | Reilynn | Oos | |
| November | 30/10-1/11 | 6-8 | **13-15** | 20-22 | 27-29 | San Cha Len | Noord | |
| Desember | 4-6 | 11-13 | 18-20 | 25-27 | | | | |




- (Foto geleen: Maroela Media)